# Die Christelike Vrou

Maart 2026 Amptelike mondstuk van die NHSV


# Nogtans sal ons jubel

**'n Mylpaal vir die NHSV**

Die jaar 2026 bring 'n besondere mylpaal vir die **Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (NHSV)** wanneer die **50ste Nasionale NHSV Kongres** van **26 tot 28 Junie 2026** plaasvind. Vir baie vroue in die **Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA)** is die NHSV nie net 'n organisasie nie, maar 'n geloofsgemeenskap waar diens, ondersteuning en saamwerk oor dekades heen 'n belangrike rol in die lewe van die Kerk gespeel het.

Hierdie goue-jubileum-kongres staan onder die inspirerende tema ***Nogtans sal ek jubel***, uit Habakuk 3:18. Dit is 'n gepaste tema vir 'n tyd waarin gelowiges dikwels deur uitdagings en onsekerheid gaan. Die woorde van Habakuk herinner ons daaraan dat ons vreugde nie in omstandighede lê nie, maar in ons vertroue op God. Selfs wanneer dinge moeilik raak, bly daar rede om te jubel – omdat God se trou nie verander nie.

Die kongres begin **Vrydag 26 Junie 2026** by **Gemeente Montana** met registrasie van afgevaardigdes **vanaf 16:00 tot 17:00** gevolg deur 'n ligte aandete vir al die afgevaardigdes. Die **openingsgeleentheid** neem om 17:45 'n aanvang by die gemeente. Die res van die kongres vind op Saterdag 27 en Sondag 28 Junie plaas by **Batter Boys in Montana**. Soos in die verlede, sal dit 'n geleentheid wees waar vroue vanuit gemeentes oral in die land byeenkom om saam na God se Woord te luister, ervarings te deel en nuwe moed vir die pad vorentoe te vind.

Gemeentes word aangemoedig om afgevaardigdes na die NHSV kongres te stuur. Daar is **geen beperking op die aantal dames wat as waarnemers die kongres wil bywoon nie**. Volgens die riglyne word **twee dames per gemeente as stemgeregtigde lede** afgevaardig en die res as waarnemers. Dit maak die kongres toeganklik vir enige vrouelidmaat wat graag deel wil wees van hierdie besondere geleentheid.

Die kongresfooi beloop **R950 per persoon**, wat onder meer kongresmateriaal, sprekers, etes en administrasie dek. **Vroue van emeriti en predikanteweduwees** kan die kongres gratis as waarnemers bywoon, mits hulle nie as afgevaardigdes met stemreg aangewys is nie.

Alle nodige dokumente, insluitend die geloofsbrief en besprekingsvorm, (*hier* beskikbaar) moet **voor of op 4 Mei 2026** ***per e-pos aan die NHSV kantoor*** gestuur word. Kongresgangers tref hul eie reis- en verblyfreëlings, met verskeie gastehuise en akkommodasie-opsies beskikbaar in die Montana-omgewing.

Hierdie 50ste kongres bied nie net die geleentheid om terug te kyk op 'n ryke geskiedenis van diens en betrokkenheid nie, maar ook om met nuwe hoop vorentoe te kyk. Mag hierdie byeenkoms 'n tyd wees waarin geloof versterk word, vriendskappe verdiep en die roeping van vroue in die Kerk opnuut bevestig word.

**Nogtans sal ons jubel.** Want die Here bly getrou.



***Grafika: Thea van Rooyen***

# KOM, EK SAL JOU RUS GEE



# KOM, EK SAL JOU RUS GEE

**Wêreldbiddag vir Vroue**

**Mari-lizé Beukes, voorsitter NHSV Hoofbestuur**



***Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig.***

Die kragtige uitnodiging, *Kom, Ek sal jou rus gee*, is die tema vir 2026 se Wêreldbiddag vir Vroue, en is gebaseer op Matteus 11:28-30 (AFR83). Hierdie woorde van Jesus kom ná 'n reeks leringe en wonderwerke in Galilea. Jesus nooi steeds mense uit om, ten spyte van twyfel en vrae, God se koninkryk op 'n nuwe manier te verstaan.

Sy oproep om *te kom en rus te vind*, is nie net 'n oombliklike verligting nie, maar 'n uitnodiging tot 'n nuwe manier van lewe in verhouding met God. Die konsep van 'n "juk" mag dalk vandag vir ons vreemd klink, maar dit was 'n algemene beeld in Joodse leringe. Dikwels het dit die wet of godsdienstige verpligtinge gesimboliseer. Jesus bied egter 'n ander soort juk aan – een wat rus bring eerder as om 'n las te wees.

# KOM, EK SAL JOU RUS GEE

**Wêreldbiddag vir Vroue**

Die vroue van Nigerië het, onder leiding van die Internasionale Wêreldbiddagkomitee, die program vir 2026 saamgestel. Hul fokus was om troos te bied in 'n tyd waarin mense oral oor die wêreld heen gebuk gaan onder swaar laste, godsdienstige vervolging, armoede en wanhoop. Hierdie gebedsdag, vanjaar op Vrydag 6 Maart en vir die 96ste keer in Suid-Afrika, verenig gelowiges wêreldwyd in gebed. Meer as 170 lande op sewe kontinente is betrokke by hierdie ekumeniese beweging.

Volgens statistieke van die sendingorganisasie Geopende Deure Internasionaal (OD), is Nigerië een van tien lande waar Christene die ergste vervolg word. Geopende Deure berig dat ongeveer 3 490 mense verlede jaar in Nigerië doodgemaak is as gevolg van hul geloof. Hierdie inligting is beskikbaar in hul jaarlikse Wêreldwaarnemingslys (WWL) wat op 14 Januarie 2026 bekendgestel is. Nigerië is geleë aan die westekant van Afrika en het 211 miljoen inwoners – die land met die meeste inwoners in Afrika. 'n Verskeidenheid Islamitiese terreurgroepe wat Christene teiken vir terreuraanvalle, is in Nigerië aktief.

Die temakunswerk, geskilder deur Amarachi Ottah, beeld drie vroue in 'n sittende posisie uit, elkeen met unieke tradisionele klere wat Nigerië se diverse kulture tydens troues, godsdienstige samekomste, geboortes en begrafnisse versinnebeeld. Hulle kom uit verskillende etniese groeperinge, waarvan die drie prominente groepe, Yoruba, Igbo en Hausa-Fulani, groot gebiede bewoon, maar hulle is verenig in hul gedeelde daaglikse ondervindings. Hulle werk van vroeg tot laat om hul families te onderhou.

Die skrywers van hierdie tema het probeer om die universele swaarkry van menslike lyding uit te lig. Die dieptes van ware goddelike rus maak hierdie swaarkry egter draaglik deur die transformasie wat gebeur deur God se genade en die ondersteuning van Christengelowiges in ons gemeenskap. Die Nigeriese komitee het hul kulturele wysheid verweef met die universele behoefte aan rus, en hulle herinner ons hoe God ons in ons weerloosheid ontmoet.



Mag 2026 se tema, ***Kom, Ek sal jou rus gee***, ons in gebed verenig, om weer eens in hierdie Lydenstyd te besef dat goddelike rus deur sy kruisdood verseker word. Om God se beheer in ons lewens te aanvaar, bring ware rus – stilte in ons siel – wat kom uit die wete dat God getrou is.

# GOD SE SPORE



# GOD SE SPORE

**Lees Deuteronomium 4:32-40** **Dr Piet van Staden, Worcester**


**Prof Steven Pinker is 'n internasionaal bekende en gerespekteerde eksperimentele sielkundige en taalkundige. Hy maak in 'n artikel drie belangwekkende uitsprake:**



1. Mense maak die fout om te dink die brein en die siel is twee afsonderlike dinge. Dit is in werklikheid een ding, en bestaan uit patrone van neurologiese energie wat vuur. Verstand (siel) is dus elektriese energie in die brein.
2. Daar is voortgaande evolusie in die mens.
3. Die geloof in 'n god is 'n historiese verskynsel. Dit berus op 'n instinktiewe dualisme wat onderskei tussen die verstand en die liggaam. As ons iets nie kan verklaar nie, skryf ons dit toe aan iets of iemand groter as ons wat ons nie kan sien nie.

Die artikel open weer die gesprek tussen geloof en wetenskap.
'n Mens moet sê: Ons glo geloof het betrekking op alle lewensgebiede. Maar dit is ook waar van die wetenskap en tegnologie. Die twee het nog altyd naas mekaar bestaan. Hulle het mekaar ook eintlik nodig.

Wat nie kan gebeur nie, is dat die een die ander verkeerd wil bewys, of sommer net verkeerd verklaar. Ek dink dit is verkeerd om sommer die siel en elektrisiteit in die brein met mekaar gelyk te stel. Dit impliseer dat as die skakelaar afgesit word (dood), hou alle bestaan op. Daar is geen wetenskaplike of ander gronde om te aanvaar dat die belewing van siel 'n illusie is nie. Dit kan nie bewys word nie, en dus ook nie gesê word nie.




Trouens, bewussyn of verstand is maar een kenmodus of benadering tot die werklikheid wat tot die mens se beskikking is. Daar is 'n hele reeks wetenskaplike dissiplines wat die mens as objek bestudeer. Ons kan dit breedweg verdeel in vakgebiede met 'n fisiologiese fokus, byvoorbeeld die onderskeie mediese rigtings wat konsentreer op die menslike liggaam aan die een kant, en vakgebiede soos filosofie, teologie, sielkunde, sosiologie en antropologie wat kyk na menslike oortuigings, beweegredes en gedrag aan die ander kant. Elkeen van hierdie terreine van ondersoek moet voldoen aan twee primêre vereistes om ernstig opgeneem te word. Die eerste is dat daar 'n geldige metode gevolg moet word om toepaslike data in te samel, en die tweede is dat daar uit die data geldige gevolgtrekkings gemaak moet word wat getoets kan word deur ander navorsers. Geldige kennis is kennis wat bewys kan word, anders is dit raaiery en lugkastele.


Een van die punte waarop die meeste navorsers ooreenstem, is dat alle kennis op die een of ander manier betrekking het op die mens, en dit sluit selfs abstrakte en tegniese vakke in soos teoretiese fisika (dink aan Einstein se beroemde formule oor relatiwiteit e = mc2) en ingenieurswese (byvoorbeeld bio-ingenieurswese en kerngeneeskunde-aftasters).

Maar daar is ook 'n verskil in die aard van kennis. Alles is nie net brein- of verstandskennis wat werk met liniêre logika nie, byvoorbeeld as a=b en b=c, dan is a=c. Daar is ook emosionele intelligensie, sosiale intelligensie en geloofsoortuigings wat nie 'n vaste metode het nie en ook nie bewysbaar is met gewone logika nie, en tog waar en geldig kan wees. Ons tema hier, God se spore, wil aan hierdie aspek aandag gee.

# GOD SE SPORE

**Lees Deuteronomium 4:32-40**

Deuteronomium praat met die volk oor die bewussyn van God. Hoe weet jy daar is 'n God? En hoe weet jy watter God is die ware God? Toe al was daar hieroor onsekerheid en dispuut.



Tema: *God se spore*

1. Deuteronomium bevat die testament en afskeidstoespraak van Moses voor sy dood.
2. Daar is 'n goue draad in die lotgevalle van die volk, en dit is God se teenwoordigheid.
3. Israel word opgeroep om die geskiedenis te ondersoek en God se handelinge daarin raak te sien.
4. Daardie herkenning moet die volk aanspoor om aan God getrou te bly.
5. God is nie afsydig en ver nie, maar betrokke en tussen ons.

Iemand vra my 'n keer: Kan ons vir God verloor? Ja. As ons nie meer aan God dink nie, verloor ons Hom. Ons kan eintlik baie goed sonder God klaarkom. Ons sal Hom nie mis nie. Daar is net nie tyd om aan Hom te dink nie. Nie tyd vir bid nie. Nie tyd vir praat oor Hom nie. Hy verdwyn stil-stil uit ons lewe. Maar dit het gevolge. Geestelike armoede is een van die belangrikstes. 'n Lewe sonder God is blote bestaan, nie werklike lewe nie.



Die Franse filosoof René Descartes het gesê: Ek dink, daarom bestaan ek. 'n Meer moderne vorm hiervan is: Ek kry e-pos, daarom bestaan ek. Ons lewe in 'n tegnologies-wetenskaplike vaartversnelling. Dit is geweldig opwindend vir oud en jonk. Vir kinders en jongmense open dit deure na nuwe kennisvelde en beroepe wat vroeër nog nie eens bestaan het nie. Daar is avontuur in die ontdekking van kennis. Dit is fassinerend om nuwe dinge te bedink en te ontdek, om verbande raak te sien en te toets, en uit te vind dit werk. So moes die Griekse wiskundige Euklides gevoel het: Hy het volgens oorlewering in die bad gesit en die soortlike verplasing van gewig ontdek, en was so opgewonde dat hy uitgehardloop het terwyl hy *EUREKA!* geskree het. Dit beteken: *Ek het dit, ek het dit!*



Daar was nog altyd mense wat godsdiens en wetenskap teenoor mekaar gestel het. As jy glo in God en die Bybel, kan jy nie aanvaar wat die wetenskap sê nie. Ek wil dit kategories stel: Daar is in beginsel geen botsing tussen godsdiens en wetenskap nie. Daar is net 'n oënskynlike botsing omdat ons die verband nog nie heeltemal verstaan nie.

Deuteronomium praat van die Godsverskyning in die brandende bos. Dit was dalk 'n miernes wat gebrand het, maar dit maak nie saak nie. Dit is die ervaring van God se teenwoordigheid in 'n spesiale moment wat die wonder is, nie die oorskryding van natuurwette nie.

Die les vir ons is: Volg God se spore in jou lewe.

Dit sal jou opgewonde maak, en ook nederig en dankbaar. Bowenal sal dit vir jou hoop gee, want die spore loop uit die verlede deur die hede na die toekoms toe.

Amen.

# DIT BEGIN BY JOU *JA*



# DIT BEGIN BY JOU *JA*

**Arbeidsterapie** **Emmé van Niekerk, arbeidsterapeut**

**Ek weet nie of jy dalk ook, soos ek, kyk na vandag se datum en wonder hoe 2026 al so vinnig tot hier gekom het nie. Ons is verby die *Back 2 School*-advertensies. Die sjokolades wat oorgebly het ná Valentynsdag is al teen afslag uitverkoop, en nou kan ons al paaseiers koop. Kan iemand my asseblief laat weet waar die *pause*-knoppie is? Dit voel of 'n mens nie vorder met jou lysie van alles wat gedoen moet word nie – inteendeel, dit raak net langer. En dan praat ek nie eens van jou nuwejaarsvoornemenslysie nie (as jy een opgestel het)!**



In een studie van 2024 oor nuwejaarsvoornemens, het 56% van die deelnemers gesê hulle het nie voornemens gemaak nie omdat hulle *nie daarvan hou om dit te maak nie*. Ek dink dis kodetaal vir *dit werk elk geval nooit*. Van dié wat wel voornemens gestel het, het 80% nie enduit gegaan nie, met die meeste mense wat teen die middel van Februarie opgegee het. Hoekom? Daar is sekerlik verskeie redes daarvoor. Een van hulle is waarskynlik dat 'n mens weer te besig raak met allerhande ander dinge wat dan jou kapasiteit vir dit wat jy eintlik wil doen, verminder.

Rob Bell, die skrywer van die Nooma DVD-reeks, vertel 'n storie van 'n pa wat saam met sy vyfjarige seuntjie langs die strand gaan stap. Soos hulle stap, versamel die seuntjie allerhande skulpies. 'n Entjie verder sien hulle 'n seester op die water dryf en die seuntjie kry 'n uitdrukking van *Dis mý seester daai!* op sy gesiggie. Hy trek volstoom weg na die water se rand. Hy kom so halfpad en steek skielik vas, draai terug na sy pa toe, steek weer vas en probeer weer om die seester te gaan haal, hardloop dan eers weer terug na sy pa toe... Die proses speel 'n paar maal af, elke keer raak die seuntjie meer gefrustreerd en meer onseker, sodat sy pa later intree en hom vra waarom hy nie net die seester gaan haal nie. Die seuntjie se antwoord is toe eintlik heel eenvoudig, maar ook metafories vir die lewe. Hy antwoord dat hy nie die seester kan gaan haal nie, want sy hande is reeds vol skulpies.


Op die ou einde het elkeen van ons net twee hande (net 'n sekere hoeveelheid energie vir daardie dag, net 24 uur,



net 'n beperkte hoeveelheid hulpbronne, ensovoorts). Ons het elkeen 'n "maksimum kapasiteit" en moet soms daardie *pause*-knoppie druk om te gaan besin wat ek daarmee wil doen. Wat is my seester? En ook, wat is die skulpies waaraan ek my kapasiteit toewy? Watter van die skulpies wil ek behou en watter moet ek dalk eers tydelik parkeer, of selfs heeltemal weggooi? Dis moeilike vrae – want die skulpies is nie noodwendig sleg of waardeloos nie, maar dit weerhou my steeds daarvan om by my seester uit te kom. Ook dalk selfs die seester wat die Here vir my in gedagte het...

Dit bring my dan by die onderwerp van grense. Want om by my seester uit te kom, moet ek grense stel aan die skulpies in my lewe. En grense is baie maal nie iets waaroor mense opgewonde raak of waaroor ons besonder positief is nie. Soms voel 'n mens skuldig of selfsugtig as jy nee sê, of dat dit jou plig is om ja te sê. Soms sê 'n mens eerder ja omdat jy konflik wil vermy, nie iemand anders wil teleurstel nie, of selfs bang is vir verwerping. Alles geldige redes – maar ek dink dis omdat ons aan die verkeerde kant van die lyn begin.

Dink 'n bietjie aan die grense in jou eie lewe as 'n heining rondom 'n eiendom. Hoekom sal jy 'n heining span of 'n muur rondom jou erf bou? Die antwoord is tweeledig – dit moet beskerm wat ook al aan die binnekant is, en dit moet die buitekant buite hou. Ons eie grense het presies dieselfde posbeskrywing – dit moet die dinge in my lewe wat




belangrik is (my prioriteite / die seester) beskerm, en die dinge in die lewe wat daarmee inmeng (of my weerhou om by my seester uit te kom / die skulpies) buite hou. Die prentjie hiernaas mag dit dalk beter verduidelik:

Daarom sê ek ons begin heel moontlik aan die verkeerde kant van die lyn. Ons begin by die *Nee* en dan het ons 'n negatiewe ervaring met die stel van grense. Wat daarvan as ons eerder by die *Ja* begin? Hier is 'n paar voorbeelde:

- Ek sê *Ja* vir tyd met die belangrike mense in my lewe of om tyd saam met my familie deur te bring, daarom sê ek *Nee* vir verantwoordelikheid neem vir my kollega se werk.
- Ek sê *Ja* vir my drome of doelwitte waarvoor ek geld spaar, daarom sê ek *Nee* vir die druk van die media of samelewing om geld op onnodige luukshede te spandeer.
- Ek sê *Ja* vir my eie gesondheid, daarom sê ek *Nee* vir die uitnodiging van 'n vriend om die ekstra drankie te drink.
- Ek sê *Ja* vir my waardes, daarom sê ek *Nee* vir wanneer die geleentheid daar is om 'n skinderstorie aan te hits.
- Ek sê *Ja* vir my selfrespek, daarom sê ek *Nee* vir die oneerbiedige manier waarop iemand met my praat, en stel ek die gesprek uit of stap ek weg.
- Ek sê *Ja* vir my eie selfsorg, daarom sê ek *Nee* vir werk naure en skakel ek my foon vir 'n ruk af, of beantwoord ek werkverwante e-posse wat oor naweke gestuur word eers die Maandag daarna.

Kan jy sien dat wanneer jy jou prioriteite goed gedefinieer het, jy riglyne het om te gebruik wanneer jy moet besluit of jy *Ja* of *Nee* vir iets wil sê? En hoe jy moontlik minder skuldig gaan voel as jy *Nee* sê vir iets, want eintlik weet jy wat jy in die proses beskerm?

So, maak êrens vir jou 'n tydjie om jou *Ja* vir jouself te omskryf, want die lewe is besig en vinnig en voor jy jou oë uitvee, is ons by Julie en sit jy nog met dieselfde skulpies maar sonder jou seester.

Dink dalk 'n bietjie na oor die volgende vrae:
(Trek gerus vir jou 'n groot sirkel op 'n bladsy en skryf jou antwoorde binne die sirkel. Wees so spesifiek moontlik.)

- Watter verhoudings in jou lewe is vir jou belangrik?
- Watter waardes in jou lewe is vir jou belangrik?
- Waaraan wil jy graag jou tyd bestee?
- Op watter maniere kan jy ook tyd aan jouself bestee?
- Watter dinge gee vir jou energie en wat laat jou vlammetjie brand?
- Waaraan wil jy jou geld spandeer; wat is jou begroting; waarvoor wil jy dalk geld spaar?
- Aan watter van jou belangstellings of stokperdjies wil jy graag bou?
- Watter drome of doelwitte het jy, en wat is op jou lysie van dinge wat jy wil doen "eendag-as-ek-groot-is"?
- Wat is realistiese verwagtinge om aan jouself te stel met jou huidige kapasiteit?

Op 'n soortgelyke manier kan jy ook die vrae omkeer om riglyne te skryf waarvoor jy dalk *Nee* moet sê: (Skryf hierdie buite die sirkel wat jy vroeër geteken het.)

# DIT BEGIN BY JOU *JA*

**Arbeidsterapie**

- Watter verhoudings is nie gesond nie of dra nie positief by tot jou lewe nie?
- Waar of deur wie word jy uitgedaag om teen jou waardes op te tree?
- Wat "steel" jou tyd?
- Watter dinge, mense of plekke tap jou energie?
- Waarheen verdwyn jou geld?
- Wat is die onrealistiese verwagtinge wat jy aan jouself stel, inaggenome jou huidige kapasiteit?
- Watter ongesonde gewoontes moet dalk verander word?
- Watter stemmetjies van die media, samelewing of ander mense moet dalk eerder geïgnoreer word?

Moeilike vrae, ek weet, en om dié dinge uit te voer, gaan beslis ook nie maklik wees nie. Maar is dit doenbaar? Ja. En dit raak makliker met oefening.



Die grafika hierbo het ook 'n hek in, 'n baie belangrike aspek, omdat dit aanpasbaarheid bring. Dit kan soms oopgemaak word, maar ander kere word dit toegemaak. So, om grense te stel, is beslis nie om met 'n geslote hek en 'n ingesteldheid van *me, myself and I* deur die lewe te gaan nie. Die Bybel is vol riglyne oor hoe ons ons naaste moet help, mekaar moet ondersteun, ons gawes moet deel, ensovoorts. Maar my hek moet ook nie die heeltyd wawyd oop staan nie, anders brand ek uit, en het ek ook later niks meer om te kan gee nie.

Weer eens deel die Bybel voorbeelde van waar Jesus in sy tyd op aarde self ook grense gestel het – dat daar nie handel gedryf word in die tempel nie; dat Hy aanbeweeg na Jerusalem toe terwyl mense wou hê dat Hy langer moes bly; dat Hy op 'n skuit gaan vaar het op die meer om afstand te skep tussen Hom en die skare; deur alleen na die berg te gaan waar Hy wou bid; deur op te vaar hemel toe terwyl sy dissipels nie wou gehad het dat Hy hulle moes los nie... Dit kom alles terug na sy *Ja* toe – Jesus het deurlopend geweet waarom Hy nie alles kon doen wat almal van Hom verwag of versoek het nie. Hy het bly fokus op sy doel, sy prioriteit, sy seester.

Mag jy in 2026 jou grensdrade regmaak, die slot op jou hek vervang en die sleutel in jou eie sak sit sodat jy jou hek kan oop- en toemaak op jou eie voorwaardes. Mag jy aanhou uitreik, help en ondersteun waar jy kan... maar mag jy ook jou hek toemaak en *Nee* sê wanneer jy nie die kapasiteit het vir 'n *Ja* nie, en gefokus bly op jou seester.

# WOEKER EN WERK



**Ons Tuis vereer wenners van 2025 se Tuinekompetisie**

**Daleen Gouws, Kommunikasie en Bemarking: Ons Tuis**

**Ons Tuis het in Februarie 2026 tydens 'n feestelike geleentheid die wenners van die 2025 Woeker en Werk Tuinekompetisie bekend gemaak. Die kompetisie, wat aanvanklik teen die einde van 2023 geloods is, was vir die 2025-kompetisie vir die eerste keer landwyd oop vir inskrywings. Residensiële fasiliteite vir bejaardes van oor die hele Suid-Afrika het die geleentheid aangegryp om hul tuine en spanwerk ten toon te stel.**

Volgens Mari-lizé Beukes, besturende direkteur van Ons Tuis, spruit die kompetisie uit die organisasie se verbintenis tot die sogenaamde blou-sone-benadering. Hierdie leefstylfilosofie bevorder aktiewe veroudering deur die klem te plaas op gesonde eetgewoontes, natuurlike beweging, sosiale betrokkenheid en 'n sterk gemeenskapsgevoel. Die tuineprojek sluit besonder goed by hierdie beginsels aan: Inwoners werk saam gedurende die lente om hul tuine te versorg, bly fisiek aktief, en bou terselfdertyd aan verhoudings en samehorigheid.

Die wenners van vanjaar se kompetisie is:

- **Gauteng:** Faerie Glen Renaissance-aftreeoord
- **Limpopo:** Ons Tuis Piet Potgieter-tehuis
- **Vrystaat:** Ons Tuis Andries-Marié Oosthuizen

Die inskrywings is beoordeel deur die internasionaal erkende landskapontwerper Leon Kluge. Kluge geniet wêreldwye aansien vir sy werk in tuinontwerp en het onder meer die span gelei wat in 2025 by die RHS Chelsea-blommeskou in Londen bekroon is. Sy indrukwekkende lys toekennings sluit ook die gesogte Lawrence-medalje by die Chelsea-blommeskou, 'n wennerstoekenning vir tuinontwerp by die Shenzhen Internasionale Blommeskou, en 'n SALI-toekenning in.

Hoewel Kluge nie self die prysuitdeling by Ons Tuis Seniorstuis in Pretoria kon bywoon nie, het hy sy kommentaar en indrukke oor die inskrywings gedeel. Die tuine is beoordeel volgens verskeie kriteria, waaronder ontwerp en kreatiwiteit, plantkeuses en kleurskemas, waterbestuur en volhoubaarheid, asook die benutting en netheid van die ruimte.

Hy het groot waardering uitgespreek vir die moeite en sorg wat in elke tuin belê is. Oor die weninskrywing in Gauteng het hy opgemerk dat die uitleg warm en uitnodigend is en dat die hele ruimte harmonieus saamgebind word. *Die plante is goed aangepas vir die omgewing, en die tuine weerspieël 'n gemeenskap wat trots is op hul leefruimte,* het hy gesê. Die tuine van die Vrystaat en Limpopo het hom ook beïndruk, veral vir hul waterwyse plantkeuses wat terselfdertyd prakties en esteties aangenaam is.

Die wenners ontvang pryse wat moontlik gemaak is deur borge soos Plantcare, Bergmann's Garden Centre, die Ann van Dyk Cheetah Centre, Otima, Foodle Meals, Gegrond, Ubali, SA Garden Furniture, en House of Chess.

Ons Tuis het opregte dank uitgespreek teenoor al die borge en vennote wat die projek ondersteun het, asook aan die inwoners en personeel wat met entoesiasme en toewyding aan hul tuine gewerk het. *Jul ywer en betrokkenheid is 'n inspirasie en 'n pragtige voorbeeld van hoe aktiewe veroudering in die praktyk lyk,* het Mari-lizé Beukes afgesluit.



***Gauteng: Cahrima van Rooyen, ondervoorsitter van Faerie Glen Renaissance-aftreeoord, Hans van der Merwe, voorsitter, en Annatjie Haasbroek, sekretaresse.***



***Vrystaat: Ds Frikkie van Wyk, voorsitter: Ons Tuis-direksie, en Teresa Broodryk, bestuurder / matrone: Ons Tuis AMOT.***

Goeiemôre Taal Skryf

PRAKTIESE AFRIKAANS

WELKOM WOORDEBOEK

Leksikograaf Leer

Spelling AFRIKAANS

# PRAKTIESE AFRIKAANS

Afrikaans e-poskosyn

Lees janblom Sê

Goeienaand Spelling

LETTERKUNDE

Vrae WELKOM

Goeiedag

## O komma!

Tessa Oppermann, Gemeente Rooihuiskraal

***Vanoggend het ek 'n komma uitgehaal, en vanmiddag het ek hom teruggesit.* (Oscar Wilde)**




Dis nie net Oscar Wilde wat met leestekens gesukkel het nie! Ons almal wonder soms oor die korrekte gebruik van al die verskillende skryf- en leestekens.

Aldo Manuzio, die kleinseun van die drukker Aldo Manuzio (sr), het al in 1566 gesê die hoofdoel van leestekengebruik is die verheldering van die sintaksis. Dit is tekens wat 'n skrywer gebruik om die leser te help om 'n teks te lees en te verstaan. Soos die woorde van die teks, is leestekens dus ook kodes wat die leser moet interpreteer.

'n Mens kan sê leestekens is die verkeerstekens van geskrewe taal wat die verkeer laat vloei, en opdammings en verdwalings uitskakel.

Daar is by leestekens nie deurgaans vaste reëls nie – daar kan hoogstens riglyne gegee word. 'n Skrywer moet egter konsekwent wees in die gebruik van die tekens.

**Kom ons kyk na die gebruik van 'n komma.**

Natuurlike spraak en pousering behoort te bepaal waar 'n komma gebruik moet word. Pas op vir absolute reëls, omdat die gebruik van die komma dikwels 'n persoonlike en stilistiese keuse is. Onthou altyd dat 'n leesteken onder meer ten doel het om lees te vergemaklik – dit bring in die skrif aan die leser oor wat die spreker gewoonlik op hoorbare wyse aan die hoorder oordra deur stembuiging en pousering. Hou dit dus maar natuurlik!

Webster's Reference Library se *Student's companion* (Geddes & Grosset, 2002) wys daarop dat die komma ook in Engels taamlik rekbaar is – daar is in moderne gebruik 'n neiging tot die minimum punktuasie, en die komma is een van die ongevalle daarvan.

Die komma het veral in langer sinne die funksie dat dit gedagtes "afgrens", sodat die leser die sinsdele en ook die hele sin vinniger kan inneem. Daarom word die komma byvoorbeeld gewoonlik ingevoeg tussen werkwoorde wat langs mekaar staan:

> Toe ons by die skool aangekom het, was die toerbus reeds weg.

Daar kom egter nie 'n komma tussen werkwoorde in 'n enkelvoudige sin nie, want dan is daar net een gesegde of werkwoorddeel:

> Die kinders sal kan begin swem.

# PRAKTIESE AFRIKAANS

**O komma!**

Kommaverskuiwing kan betekenisverandering teweegbring:

*Hier legt mijn vrou Griet,*
*in die hemel is zij niet,*
*in die hel, dat weet ik wel.*

Maar wat die man eintlik wou sê, is:

*Hier legt mijn vrou Griet,*
*in die hemel is zij,*
*niet in die hel,*
*dat weet ik wel.*

Die gebruik van die komma is opsioneel voor sogenaamde verbindingsbywoorde soos *aangesien*, *omdat*, *ofskoon*, *mits*, *daar*, *terwyl*, *hoewel*. Sommige taalkenners meen dat die komma voor *dog*, *maar*, en *want* essensieel is. Daar is egter skrywers wat geen behoefte het aan 'n komma wanneer hierdie woorde in kort sinne voorkom nie.

Die gedagte dat 'n komma voor *en* taboe is, is verkeerd. As *en* 'n sin inlei wat nie dieselfde konstruksie as die voorafgaande sin het nie, word 'n komma ingevoeg:

Die sekretaresse het al die briewe getik, en nou
mag sy gaan inkopies doen.

Onthou: Dit is altyd goed om 'n goeie handleiding soos die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* of *Skryf Afrikaans van A tot Z* byderhand te hou!



**Medewerkers aan hierdie uitgawe:**
**Ds Hannelie Botha (redakteur), Mari-lizé Beukes, Dr Piet van Staden, Emmé van Niekerk, Daleen Gouws, Tessa Oppermann**
**Taalversorging: Tessa Oppermann**
**Foto's vanaf www.Pixabay.com of https://www.freepik.com of KI of skrywers. Ander grafika van www.flaticon.com**
**Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na admin@nhsv.org.za**

www.nhsv.org.za | Porterstraat 40, Rawsonville, 6845 | diechristelikevrou@gmail.com
diechristelike | Christelike Vrou | 082 923 9439

***Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van* Die Christelike Vrou *se redaksie of die NHSV nie.***